

Woensdag 11 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 44

Fokusgedeelte: Psalm 44:7-8, 27(AFR83/AFR2020)

Fokus op vertrou

“Op my boog vertrou ek nie en my swaard sal my die oorwinning nie gee nie, want dit is U wat ons die oorwinning oor ons teëstanders gegee het en ons vyande die aftog laat blaas het ... Kom ons tog te hulp en bevry ons, dat so u troue liefde blyk.”

Om God te vertrou met alles wat ons het en is, klink goed en maklik genoeg. Maar die ware toets daarvan lê eerder in die moeilike tye van ons lewe. Dit is die tye waar ons regtig besef ons het die Here nodig. Dit is hierdie tye wat ons leer dat alles wat ons het, en alles wat ons is, onvoldoende is.

Ons rykdom kan ons nie red nie. Ons armoede kan nie ons identiteit wees nie. Ons gebrokenheid en die van ander het nie die laaste sê in ons lewe nie. Nee, die Here het die eerste en die laaste sê! Hy is die Alfa en die Omega.

Meer as suurstof, meer as elektrisiteit, meer as water en kos het ons die Here nodig. Ons het sy trou en sy goedheid nodig om Hom te verheerlik. Daarom het ons nodig om vanuit sy volmaakte oorwinning te leef. Dit is die oorwinning van die kruis oor die sonde, van die oop graf oor die dood, van God se lig oor elke vorm van duisternis.

Sy oorwinning beteken nie dat dit altyd goed gaan nie, dink maar aan die vervolgte kerk. Maar sy oorwinning beteken hy is GENOEG vir ons in alle omstandighede.

Moenie op jou eie kragte vertrou nie. Vertrou op sy liefde – niks kan jou van sy liefde skei nie.

Sing: Psalm 34-1:1, 2

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)